SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**
**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter Teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen jou beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

1.1 **My fantastiese familie**

Jy het onlangs weer besef hoe fantasties jou familie is! **Beskryf** 'n insident/(e) wat gebeur het wat jou wéér laat besef het hoe fantasties jou familie is. **[50]**

1.2 **Wat is Facebook se status?**

"Al hoe meer studies, artikels, blogs en, ja, selfs Facebook-*updates* begin verwys na Facebook-*fatigue* ." (Hanlie Stadler, *Rapport,* 4 Maart 2012)

Dink jy ook dat Facebook *ou* nuus is, of dink jy dit gaan nog lank gebruik word? **Argumenteer** jou standpunt in 'n opstel. **[50]**

1.3




Dit is presies dáárdie woorde wat jou in die moeilikheid laat beland het! **Vertel** ons die storie van hoe jy in die moeilikheid beland het. Ons stel *nie* belang hoe jy uit die moeilikheid gaan kom nie – net *hoe* jy *daarin* beland het!

**Gee jou eie gepaste titel vir jou skryfstuk.** **[50]**

1.4 **Hoekom is ek, *ek*?**

Is dit oorerwing (gene) of jou omgewing/gemeenskap/samelewing wat jou maak wie jy is?

**Skryf** ŉ opstel waarin jy die vraag **beredeneer**. Jy moet die invloed van oorerwing (gene) en van die omgewing/gemeenskap/samelewing waarin jy woon, bespreek en tot ŉ gevolgtrekking kom wat dit is wat jou maak wie jy is. Dit is ŉ goeie idee om voorbeelde by elk te gee. **[50]**

1.5 **Agter die**  **maskers**

Baie van jou vriende is anders by die skool as wat hulle by die huis is en dit het jou laat besef dat mense **maskers** dra. (Miskien is jy een van hulle!) Dit laat jou wonder hoekom dit so is.

Skryf ŉ **opstel** waarin jy **wonder/bespiegel** waarom mense dit nodig vind om maskers te dra. **[50]**


1.6 Bestudeer die visuele tekste noukeurig. Laat jou gedagtes gaan en kies EEN om oor te skryf. Jou skryfstuk moet ooreenstem met die boodskap wat die prent uitbeeld.

1.6.1




[Bron: *You,* 11 November 2011]

1.6.2



[Bron: *Huisgenoot*, 8 Maart 2012]

1.6.3



[Bron: *Jip,* 16 Julie 2012]

1.6.4



[Bron: *Huisgenoot*, 22 September 2011] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan.

2.1 **DIALOOG**

Jou skool wil graag geld vir ŉ gemeenskapprojek insamel en het besluit om 'n kookkompetisie te hou. Een van die voorwaardes om te kan deelneem, is dat jy ŉ bekende persoonlikheid moet kry om saam met jou te kook.

Skryf die **gesprek** neer waarin jy ŉ bekende persoon vra om saam met jou aan die kookkompetisie deel te neem.

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Die volgende berig in die koerant het jou aandag getrek:

**Familie wil historiese Titanic-brief bekom**

Die familie van ŉ chirurg wat in die Titanic-skeepsramp gesterf het, het gevra vir hulp om ŉ verlore brief in die hande te kry. Mnr. John Edward Simpson het die brief twee dae voor die ramp aan sy ma geskryf en sy het dit na sy dood ontvang. Die brief het 15 jaar gelede verdwyn, en die familie wil dit graag terughệ.

[Verwerk en aangepas uit *Rapport*, Februarie 2012]

Verbeel jou dat *jy* John Edward Simpson is en dié brief aan jou ma geskryf het. Vertel aan jou ma wat jy tot dusver alles op die skip gedoen het. Aangesien die brief vanaf ŉ skip geskryf word, is dit nie nodig om ŉ adres te gebruik nie. **[30]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

TROTS SUID-AFRIKAANS (deur ... )

Dit is die titel van jou **artikel** wat in ŉ tydskrif gaan verskyn. Skryf nou die inhoud wat daarby pas. Jou artikel kan net een/verskeie dinge beskryf wat jou trots maak om ŉ Suid-Afrikaner te wees.

2.4 **EIE OPINIE**

Die hoogtepunt van jou skool se sportseisoen is die Derbydag teen julle vyandskool. Die rugbywedstryd het egter in ŉ bakleiery ontaard en is deur die skeidsregter gestop. Die plaaslike koerant het ŉ onderhoud met ŉ paar van die toeskouers, ook met jou, gevoer. Die volgende is ŉ uittreksel van die onderhoud soos dit in die koerant gepubliseer is.

*Op die vraag wat die leerder dink van die bakleiery op die veld tussen die rugbyspelers het die leerder geantwoord: "Ons skool se seuns is barbaars en ek is skaam om te sê dat ek in dieselfde skool as hulle is."*

Baie van die leerders en onderwysers was ontsteld oor jou antwoord op die vraag. Skryf jou opinie oor die gebeure en regverdig die stelling wat jy gemaak het. Rig jou skrywe aan die leerders van jou skool. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE


### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 **VERDUIDELIKING**

Nie almal kan ʼn vloerplan van ʼn huis verstaan nie, daarom moet daar ʼn paragraaf wees wat dit verduidelik.
Bestudeer die volgende vloerplan en **verduidelik** dit skriftelik aan voornemende kopers.

Formaat: Paragraaf    Titel: Vloerplan    (20)




[Bron: *My tyd*, 2 Oktober 2011]

3.2 **ARGUMENTE TEEN/VIR**

Die afrigter van jou sportspan het ʼn groot probleem. Daar is twee goeie spelers vir dieselfde posisie. Hy/Sy vra jou om hom/haar te help om die beste keuse vir die span te maak.

Teken die volgende **tabel** oor en voltooi dit, want dit kan jou help om die regte keuse te maak. Gebruik volsinne as jy die positiewe en negatiewe punte invul.

| | | |
|---|---|---|
| Sportsoort: ________________ | | |
| Posisie: ________________ | | |
| | Speler 1 | Speler 2 |
| Positiewe punte: | | |
| Negatiewe punte: | | |
| My keuse is: ________________ | | |

**[20]**

## 3.3 RADIOBOODSKAP

Dit is jou ouma se 80ste verjaarsdag en jy wil dit baie spesiaal vir haar maak. RSG (Radio sonder Grense) het ŉ spesiale program waarin bejaardes met hulle verjaarsdae gelukgewens word.

**Skryf die boodskappie** soos jy dit op haar verjaarsdag uitgesaai wil hê.

## 3.4 ADVERTENSIE

Die maatskappy het nog net dié prent wat hulle in hulle advertensieveldtog wil gebruik. Skryf die woorde van die **advertensie** vir ŉ nuwe melkdrankie. Die nuwe produk sal oor twee maande op die winkelrakke wees.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**